

Saterdag 25 Oktober

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-9**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:8 (AFR83)**

**Stry teen die sonde deur die gedagtes op die verlossing te rig**

In vers een tot vier word God geloof. Hy word geloof omdat Hy vir Israel soos 'n rots is. Hy is die een wat Israel uit al die gevaar red en so vir hulle 'n veilige skuilplek is (vgl. Ps. 18:2).

Maar Hy word ook geloof as die regverdige en getroue God. Die Here toon sy geregtigheid en sy trou aan Israel vanaf die vroegste tye. Ten spyte van die volk se ondankbaarheid (vs 56a) was God steeds altyd getrou.

In teenstelling met God se getrouheid en geregtigheid het die volk afgedwaal. In vers 5 word hulle beskryf as dwaas en korrup. En die diepte van hulle sonde word beklemtoon deurdat hulle daaraan herinner word dat die Here (Jahwe) hulle Skepper is (vs 6), dit wil sê dat Hy hulle tot 'n nasie gevorm het (vgl. vs 9) en net so maklik weer kan tot niet maak. Hulle is hulle bestaan aan God alleen te danke.

Daarom word die volk in vers 7-9 opgeroep om hulle gedagtes vol te maak met die heerlike reddingsdade van God. Hierdie uitdaging om te onthou word 16 keer in Deuteronomium beklemtoon en dit begin in hoofstuk 4:10. Ons moet leer, ons moet nadink, ons moet die woord van die Here as herinneringsteken vasbind aan ons hande en dit moet 'n merk op ons voorkop wees (vgl. Deut. 6:6-8).

Dis vir onself ook 'n uitdaging om ons gedagtes vol te maak met die heerlike genade van God. Daarom roep Paulus ons ook daartoe op in Filippense (4:8) en Hy sê dat ons die helm van verlossing op ons kop moet sit (Ef. 6:17). Met ander woorde, ons gedagtes moet vol wees van die genade van verlossing.

Ons het soveel meer as die volk Israel waarmee ons ons gedagtes kan vol maak. Ons is nie net volk van God nie, ons is kinders van God. Deur die bloed van die Seun word ons so naby aan God se hart gebring dat Hy ons as sy eie kinders aanneem. Kom ons stry teen die sonde deur ons gedagtes te rig op ons verlossing!

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 3, 4  
Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)*